Wiele vir God se Woord

Posbus 6, PAROW, 7499

Derde Edisie

# Wiele vir God se Woord word genader tot samewerking deur "Every Home For Christ Anglo AFRIKA"

**Wiele vir God se Woord se hoofdoel is om dit vir evangeliste en pastore moontlik te maak om die evangelie vinniger en meer doeltreffend te versprei. Aangesien dorpies en gemeentes in Afrika baie ver uitmekaar geleë is neem dit die Evangelis soms dae en weke om by hierdie verafgeleë plekke uit te kom en gaan dit dikwels met persoonlike ontberings gepaard. Met 'n fiets beweeg die prediker nou 10-12 keer vinniger.**

Sedert WGW die predikers met fietse begin voorsien het, het duisende tot bekering gekom en honderde nuwe gemeentes is gestig. Die predikers kan hulle gemeentes nou gereeld besoek en al hoe verder uitreik na die voorheen onbereikte volke.

Aangesien WGW nie self werkers in die sendingveld instuur nie, versprei ons die fietse deur verskillende kerklike organisasies in Afrika, wat dan die gebruik daarvan monitor en verslag terug aan Wiele vir God se Woord doen. Een so 'n bekende sending organisasie is Every Home For Christ (EHFC) wat 'n sterk sendingbasis in veral Afrika het. Sedert WGW fietse aan EHFC werkers begin voorsien het, kon hulle die missie nog meer uitbrei en was die terugvoering van hul werkers so positief dat dit duidelik geword het dat 'n persoon met 'n fiets 'n dubbele kragtige instrument in die diens van die Here geword het. Die vraag na fietse het net groter geword en vir baie van die Evangeliste was dit die antwoord op jarelange gebed.

WGW is genader deur EHFC Anglo Afrika om nouer samewerking en sedert die laaste helfte van 1998 het die twee organisasies hande gevat en sodoende kan die twee organisasies kragtig saamwerk om die Evangelie vinniger en meer doeltreffend uit te dra. Nes WGW, is EHFC se doelwit om elke volk, stam huis en taal met die evangelie te bereik. Hulle is al 52 jaar in die sendingveld en is aktief in 110 nasies. Hulle help nuwe bekeerlinge om by plaaslike gemeentes in te skakel, en waar daar geen plaaslike kerk is nie, word nuwe gelowiges bymekaargemaak in dorpies om huisgemeentes te vorm. Hierdie huiskerkies word dan bedien deur opgeleide evangeliste/pastore om in samewerking met EHFC, vir wie dit nou moontlik is om deur middel van 'n fiets, meer gereeld hierdie gemeentes te kan besoek.

EHFC se sendingveld in Afrika is in 7 sones opgedeel, elk met 'n soneleier wie toesig oor die organisasie se bedrywighede daar hou. Hierdie persoon hou ook toesig oor die verspreiding en aanwending van WGW se fietse en rapporteer weer terug aan die direkteur van WGW.

Sodoende is daar net beter kontrole oor die fietse en span WGW se net ook nou veel wyer as voorheen. Dit alles bring mee dat die behoefte vir fietse soveel groter is as voorheen. Alhoewel ons aanvanklike doelwit was om teen die jaar 2000 reeds 7000 fietse in Afrika te hê, is die teiken nou soveel groter en soveel meer fietse word benodig. Bid asseblief dat die Here dit vir ons moontlik sal maak om hierdie doelwit te bereik en nog meer om in die groter vraag te voorsien.



*ZAMBIË - 'n Wonderlike, onvergeetlike gesig! Hennie Hanekom (EHC ANGLO AFRIKA) oorhandig namens Wiele vir God se Woord 30 splinternuwe fietse aan Pastoor John Amoni en ander predikers.*
*Van die predikers beweeg vanuit Livingstone, Zimba, Kalone, Monze en Chawa na die mees onbereikte mense "the Southern Province will be on fire for Jesus" het een evangelis uitgeroep.*

# Medicine for Missions (MFM)
## 'n Nuwe uitbreiding van Wiele vir God se Woord

Wiele vir God se Woord het tot dusver op twee pilare gestaan (1) die voorsien van fietse, motorfietse ens. aan predikers en (2) die verskaffing van literatuur, Hart vd Mens kaarte en opleidingsmateriaal. Sedert WGW fietse en literatuur in Afrika begin stuur het, het die armoede van die mense en die haglike omstandighede waaronder hulle leef, die WGW span aangegryp. Die pastore en evangeliste wat in die sendingveld ingestuur word, is plaaslike inwoners en is nie van hierdie omstandighede gevrywaar nie. Hongersnood en siekte staar hulle daagliks in die gesig.

Daar is soms dokters beskikbaar, maar 'n doktersbesoek kan tot R500 per besoek kos soos bv in Madagaskar en die meeste mense sal soveel geld nie eens in 'n jaar sien nie. Indien hulle nog so 'n besoek sou kon bekostig en met 'n voorskrif vir medikasie daar sou uitstap, is daar omtrent geen manier om die medikasie op die voorskrif te bekom nie. Medisyne is net onverkrygbaar!

Die situasie het 'n plaaslike dokter van Bellville - Dr RF Hamman - so aangegryp, dat hy iets aan hierdie saak wou doen. Hy is nou betrokke by Wiele vir God se Woord en het toe besluit om in assosiasie met WGW 'n organisasie op die been te bring wat medisyne aan die mense, veral Christene, in Afrika te stuur. Sodoende is 'n derde been van WGW gestig, wat optree onder die naam "Medicine for Missions (MFM)". MFM voorsien medisyne aan Christen families waar daar 'n groot behoefte aan is. Derduisende Rande se medisyne is die afgelope ses maande reeds versprei in die Demokratiese Republiek van die Kongo, Sudan, Noord Mosambiek, Madagaskar Namibia, Zimbabwe, Angola en ook aan plaaslike sendelinge.

# Getuienisse oor die Hart van die mens kaarte
### Hierdie getuienis is ontvang vanuit Mosambiek en word onvertaald hier geplaas

"Through the Heart of man charts, many wonders and miracles are being seen in so many areas around Nsanje, Chikwana and Mozambique - many brothers and sisters are being saved in these different areas. One day Pastor Headson came to a village called Mubvia for revival meetings. On the second day when he was preaching - using the Heart of Man chart, thousands of people gave their hearts to the Lord. It was a very big work to pray for all those people who gave their hearts to Jesus and I was totally tired on that day and the Lord was in our midst and everyone saw the power of the hand of God. While I was praying for the people who surrendered their hearts to Jesus, I saw three old women came in front of me and asked me to pray for them and they had something to confess with their mouth. They started to say they are sinners and have no husbands for many years.
With their stonehearts their business is to "fly" all night and they are witch doctors. They had done a lot with the flesh of men and women. They continue to say they had been going to the grave all night and take the old

*Damares, Yellen en Falense*

bones of dead bodies and they sold so many of the bones and today when they saw the chart of the Heart of Man and all the explanations, they were touched and concerned and they saw they were sinners. The right way is to surrender their hearts to the Lord. The names of the three women are: Damares Mose, Yellen Lazarus and Falense Makualo. It was a strange day for everyone to see these three women receive Jesus Christ. The village was shaken. Now this village has been changed totally."

***Hierdie is 'n nuwe gemeente wat begin is deur die aanbieding van die Evangelie deur middel van die Hart van Mens Kaart. Die mense in hierdie dorpie het eers bome, klippe en selfs hokke aanbid nou is die meeste mense in die dorpie gered.***

# WORD ON WHEELS IN EGIPTE

*WAW het ook uitgereik na Egipte waar die Christene vervolg word en die Christen kerk ondergronds moet opereer. Om onder die Muslims te evangeliseer is baie moeilik maar met die Hart vd Mens kaarte word daar groot sukses behaal. Hier word bedien in Shoubra-Kairo. Baie siele het die Here Jesus die aand aangeneem - al die eer aan Jesus.*

# Enkele doelwitte vir die volgende 12 maande

**Die behoefte in Afrika is oorweldigend. Die oesland is groot. Die arbeiders is gereed en gewillig, maar in baie gevalle skiet die middele te kort. Die volgende is 'n lys van lande en groepe wat WGW graag in die komende 12 maande wil bereik, wat elke ondervermelde land benodig om die evangelie te verkondig en kosteberekening t.o.v. fietse, hart v.d. mens kaarte en boekies sowel as vortuie (wiele).**

## Botswana

- Die 50 000 Bakgalagadi bevolking (gedeeltelik nomadies) wat in die Westelike woestyn van Botswana woon
- Die Yevi in die Okavango moerasse wat nog nie die Evangelieboodskap gehoor het nie.
- Die Mbukushu en Subia in die Noorde wie afgesonder is van die hoofstroom van die bevolkinglewe.

| | *benodig* | | *kostes* |
|---|---|---|---|
| **Fietse** | 50 | = R25 000 | ($4 166) |
| **Hart van die mens kaarte** | 200 | = R4 000 | ($666) |
| **Hart van die mens boekies** | 10 000 | = R30 000 | ($1 666) |
| **Motorfietse** | 1 | = R10 000 | ($1 666) |

## Lesotho

- 'n Bergagtige land wat heeltemal deur Suid Afrika omring word
- Die 500 000 bergbewoners wat tot dusver baie min kontak met die evangelie gehad het.

| | *benodig* | | *kostes* |
|---|---|---|---|
| **Fietse** | 120 | = R60 000 | ($10 000) |
| **Hart van die mens kaarte** | 120 | = R2 400 | ($400) |
| **Hart van die mens boekies** | 10 000 | = R10 000 | ($1 666) |
| **Motorfietse** | 1 | = R10 000 | ($1 666) |

## Malawi

- Die Yao Stam (90% moslems) in die Oostelike gedeelte, langs die Malawi meer op die Mosambiekse grens.
- Die Nkone in die Noorde waar daar slegs 'n paar gelowiges is.
- Die onbereikte Sena stam in die Suide as deel van die groter stamme wat aangrensend aan Mosambiek woon
- Soveel moontlik ander kleiner dorpies in die landelike gebiede wat afgesonderd is en onbekend met die Evangelie is.

| | *benodig* | *koste* | |
|---|---|---|---|
| Fietse | 1 200 | =R600 000 | ($100 000) |
| Hart van die mens kaarte | 1 200 | =R24 000 | ($4 000) |
| Hart van die mens boekies | 10 000 | =R10 000 | ($1 666) |
| 4 x 4 voertuig en sleepwa | 1 | =R132 000 | ($22 000) |
| Motorfietse | 1 | =R10 000 | ($1 666) |

## Mosambiek

- Hierdie land het die grootste konsentrasie onbereikte mense in Afrika suid van die ewenaar en ons hoofteiken areas is:
- Die twee Noordelike provinsies van Cabo Delgado en Niassa (die Yaostam)
- Die grootste onbereikte volk in Afrika, moontlik in die wêreld, die Makua volk
- Die mense van die Zambezi vallei in Mosambiek

| | *benodig* | *koste* | |
|---|---|---|---|
| **Fietse** | 1 200 | =R600 000 | ($100 000) |
| **Hart van die Mens kaarte** | 1 200 | =R24 000 | ($4 000) |
| **Hart van die Mens boekies** | 20 000 | =R20 000 | ($3 333) |
| **4 x 4 voertuig en treiler** | 1 | =R132 000 | ($22 000) |
| **Motorfiets** | 1 | =R10 000 | ($1 666) |

## Suid Afrika

- Die Vena in die mees Noordelike dele - aangrensend aan Zimbabwe
- Die Zulu in Noord Kwa-Zulu in Natal
- Die Xhosa in die Oos-Kaap

| | *benodig* | *koste* | |
|---|---|---|---|
| **Fietse** | 900 | =R450 000 | ($75 000) |
| **Hart van die Mens Kaarte** | 900 | =R5 400 | ($900) |
| **Hart van die Mens boekies** | 30 000 | =R30 000 | ($5 000) |
| **4 x 4 voertuig en treiler** | 1 | =R120 000 | ($20 000) |
| **Motorfiets** | 3 | =R30 000 | ($4 998) |

*Wiele vir God se Woord het ook videos beskikbaar teen R30 per kopie. Die video is gemaak in Afrika deur ons besoekende span sowel as SAUK en wys baie duidelik waaroor Wiele vir God se Woord sowel as die Hart vd Mens kaarte gaan. Wiele vir God se Woord nuusbrief word elke kwartaal uitgestuur. Ekstra kopieë kan van ons bestel word. U is welkom om dit onder u vriende te versprei.*

**Wiele vir God se Woord is reeds operasioneel in die volgende lande:**

***Angola, Benin, Demokratiese Rep. Congo (Zaïre), Ekwatoriaal Guinee, Ivoor Kus, Kenya, Madagaskar, Malawi, Mauritius, Mosambiek, Namibia, R.S.A., Sudan, Swaziland, Tanzania, Togo, Zimbabwe en Zambië.***

*Indien u Wiele vir God se Woord wil ondersteun met u donasies, wil ons graag vir u kwitansies stuur en ook vir u op ons posadreslys plaas sodat u gereeld ons nuusbrief kan ontvang. Daarom sal ons dit waardeer dat indien u 'n direkte inbetaling in die bankrekening maak, u vir ons u depositostrokie (of 'n afskrif) sal pos of faks met u volle besonderhede duidelik daarop aangebring. Indien u 'n donasie pos, maak ook asseblief seker u volle besonderhede word saamgestuur.*

Adres: Wiele vir God se Woord
Posbus 6, Parow 7499
SUID-AFRIKA
Tel: (021) 913-1052 (h) of 92-1898 (w)
Fax: (021) 92-0092
E-pos: wheelsgw@ilink.nis.za
Bankbesonderhede: ABSA Bank, Parow
Rekeningnommer: 390171331